

Skriflesing: Esegïel 33 vers 1-19 en Matteus 10 vers 32-33

Tema: Ons is God se boodskappers

Wanneer ons 'n dag op die strand gaan deurbring, is daar gewoonlik een verantwoordelike persoon wat ons opdrag gee om die regte goed aan te smeer en saam te vat. Ons word gewaarsku teen die son. Ons moet sonbrandroom aansmeer, 'n hoed opsit, nie te veel tyd in die son deurbring nie, ensovoorts. Indien ons nie ag slaan op die raad en waarskuwings nie en ons kom bloedrooi verbrand by die huis, wie se skuld is dit? Ons kan vir niemand anders vinger wys nie. Dit is net ons eie skuld. Dit is wat die Here ook in die Skrifgedeeltes vir ons leer. Ons moet waarsku. Indien mense nie ag slaan op ons oproepe nie, is dit hul eie skuld.

In die Ou Testamentiese tyd is 'n wag op die uitkykpos in 'n toring bo-op die poort van die stad geplaas. Dit was dikwels die enigste toring in die stad. Die wag moes inwoners van die stad waarsku wanneer hy die vyand sien aankom. Die doel van die ramshoring was om lewens te red.

Wanneer die wag sien die vyand is op pad, moes hy die ramshoring blaas. Indien die inwoners van die stad niks gedoen het nie, hulle nie bewapen of gaan skuil het nie, en hulle sterf in die aanval, is dit hulle eie skuld. Die wag het sy werk gedoen en kan nie verantwoordelik gehou word vir hul dood nie.

Indien die wag die vyand sien kom en nie die ramshoring blaas wanneer hy die vyand sien kom nie, en mense sterf, dan het die wag nie sy werk gedoen nie. Daar sal van hom rekenskap geëis word vir hul dood.

Net soos Esegïel, stel God ons vandag as Sy wagte of boodskappers aan. God stel ons as Sy kinders aan om Sy boodskap uit te dra. Sy boodskap is eenvoudig:

1. God wil lewe gee.
2. God roep mense tot bekering en lewe.
3. God roep, deur ons, mense tot bekering en lewe.

1. God wil lewe gee

Omdat die volk in sonde volhard het, gaan dit nie goed met hulle nie. In Esegïe 33 vers 10 lees ons hoe hul kla: "Mens, jy moet vir Israel sê: Julle sê: 'Ons opstandigheid, ons sonde rus swaar op ons, ons vergaan daaronder, hoe kan ons nog lewe?'"

God straf die volk deur hul in ballingskap te laat wegvoer. Maar God put nie plesier uit die volk se ballingskap nie. Hy wil nie dat mense verlore gaan nie. Hy wil nie dat sondaars omkom nie. Hy wil dat hulle gered word. Daarom roep Hy hulle op in Eseg 33:11: "Sê vir hulle: So seker as Ek leef, sê die Here my God, Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie, Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf, Israel?"

God wil mense red. Die bewys is kruisgroot. In Johannes 3 vers 16-18 lees ons:¹⁶"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. ¹⁷God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. ¹⁸Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie."

2. God roep mense tot bekering en lewe

Goeie dae red nie. Slegte dae lei nie noodwendig tot die dood nie. God vergewe slegte dae. Hy hou nie vorige sondes teen mense wat tot bekering kom nie.

Die woord bekering kom 4 maal in die gelese gedeelte in Esegïel voor. Die Here roep op tot bekering. Kies Hom en volg Hom - dit is die boodskap van die hele Bybel. Bekering is 'n omdraai, 'n afsien van ons sondige dae en 'n terugdraai na die Here om agter Hom aan te loop.

Bekering is meer as woorde. Dit is 'n lewensorgawe wat sigbaar word in 'n nuwe dankbare lewe waarin ons doen wat die Here sê. 'n Bekeerde kind van die Here doen reg, leef reg, gee of betaal wat geroof is terug en hou by die Here se voorskrifte van liefde.

Hierdie boodskap van bekering en nuwe lewe moet uit. Mense moet dit hoor, maar hoe?

3. God roep, deur ons, mense tot bekering en lewe

As ons ons oorgegee het aan die Here, stel Hy ons aan as Sy wagte. Ons moet die ramshoring blaas. Ons moet mense waarsku teen die vyand van sonde. Mense sê soms dat die stem van die kerk stil geword het. Ons stem verskyn dalk nie meer so baie in die nuusblaaie of weerklink oor die nuus nie, maar ons elkeen is die kerk en die stem van die kerk. Dit is beslis ook nie net die dominee of Getuienis-diensterrein se taak om die stem van die Here te laat hoor nie. Die opdrag kom tot ons elkeen.

Ons is hier om, in die voetspore van Esegïel, God se boodskappers te wees.

Hoor weer God se hart in Esegïel 33 vers 11 en vertel die wêreld daarvan: "Sê vir hulle: So seker as Ek leef, sê die Here my God, Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie, Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf, Israel?"

Ons moet die ramshoring blaas. Of en hoe mense reageer, is nie ons probleem nie. Dit is hulle besluit. 'n Besluit waarvoor elkeen individueel voor God sal moet rekenskap gee.

Ek sluit af deur weer Esegïel 33 vers 8-9 en Matteus 10 vers 32-33 te lees. God se boodskap is duidelik:

⁸Wanneer Ek van die goddelose sê dat hy sal sterwe, en jy praat nie en waarsku hom nie oor sy doen en late nie, sal hy deur sy sonde sterf, maar Ek sal jou verantwoordelik hou vir sy dood.

⁹Wanneer jy die goddelose waarsku oor sy optrede om hom daarvan te laat afsien, en hy sien nie daarvan af nie, dan sterf hy deur sy sonde en het jy jou eie lewe behou.

³²"Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. ³³Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is."

Amen